## SKK reaksie op CRL Rights Commission-verslag

Die AP Kerk het met groot kommer kennis geneem van die CRL Rights Commission se verslag soos aan die parlement voorgelê. Die AP Kerk deel die bekommernis van die CRL Rights Commission rakende die feit dat daar geïsoleerde gevalle van uitbuiting en mishandeling in die naam van "godsdiens" plaasvind. Tog is die AP Kerk nie oortuig dat die CRL Rights Commission se voorgestelde oplossing 'n einde aan hierdie soort misbruik sal bring nie. Inteendeel, die AP Kerk reken dat 'n baie groter monster geskep word deur die voorgestelde regulering van godsdienste.

Die AP Kerk herbevestig die volgende Christelike beginsels:

1. Dat die drie-enige God soewerein is en as sodanig nie nodig het om aan enige mens of menslike instelling verantwoording te doen nie.
2. Dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is en dat alles binne sy kerk ooreenkomstig sy wil moet geskied.
3. Dat selfs die staat onder die heerskappy van God staan en dat die staat dus sy hand oorspeel wanneer hy homself die reg aanmatig om in te meng by kerklike sake.
4. Die mens is as beelddraer van God geskep (Gén. 1:26) en daarom behoort alle mense met eerbied, respek en waardigheid hanteer te word.

Op grond van hierdie beginsels spreek die AP Kerk sy bekommernis oor die volgende sake uit:

1. Die "kommersialisering" van godsdiens en die uitbuiting van mense se godsdienstige oortuigings, maar is van mening dat dit effektief hanteer kan word binne die huidige siviele en kriminele regstelsel van Suid-Afrika. Die regering se traagheid en onvermoë om die reg behoorlik toe te pas, is waarskynlik meer problematies as oortredings deur godsdienstige praktisyns en instellings.
2. Die voorgestelde lisensiëring van alle godsdienstige leiers en aanbiddingsplekke.
3. Die etiese reëls en norme wat as maatstaf gebruik gaan word ten einde voorgestelde regulering moontlik te maak. Uiteindelik gaan dit Christelike beginsels ondergeskik stel aan iets soos die Handves van Menseregte.
4. Die voorgestelde sambreelliggaam by wie alle finale besluite en magte sal lê.
5. Die staat se betrokkenheid en beheer van godsdienste kan daartoe lei dat die staat se eie godsdienstige propaganda en interpretasie van die grondwet eensydig op kerke afgedwing kan word. Godsdiensvryheid kom hierdeur in gedrang terwyl die situasie kan ontaard in wesentlike magsmisbruik deur die regering.
6. Die voorgestelde werkswyse kom daarop neer dat die staat uiteindelik ook aan kerke kan voorskryf ten opsigte van leerstellige aangeleenthede.
7. Ekstra finansiële druk kan op godsdienstige instellings geplaas word ten einde so 'n oorkoepelende, regulerende liggaam te finansier.

Die SKK roep alle kerkrade op om op grond hiervan, voor Maandag 31 Julie beswaar aan te teken en kommentaar te lewer op die CRL Rights Commission se verslag aan die parlement.

Webskakel na alle tersaaklike dokumente op FORSA se webblad:
**http://forsa.org.za/document-library/**